Nicola Breytenbach se troue is 'n spoggeleentheid vir rykes van oor die wêreld

DIE een dag word sy hier gekiek en die volgende dag weer daar. In 'n gewone week kuier Nicola Breytenbach dalk saam met haar vriendinne en mede-voorbladmeisies oor middagete by sjiek restaurante in New York, of die Suid-Afrikaans-gebore model vlieg gou Europa toe vir 'n fotosessie.

Maar wanneer ons met Nicola (30) gesels, is dit geen gewone week nie. Oor 'n paar dae, op 15 Junie, trou sy met die Amerikaanse sakeman Ben Steiner (ook 30), aan wie sy al amper twee jaar verloof is.

"Dis vir ons baie belangrik dat ons gaste spesiaal voel. Ons wil hê hulle moet welkom voel. Hulle reis immers ver hierheen," sê sy toe ons haar bel by die Steiner-familie se landgoed van dertig hektaar in St. Tropez, waar die spogtroue gehou word.

Die Steiners hou al langer as dertig jaar daar vakansie en nadat Nicola in 1999 met Ben begin uitgaan het, het sy ook gereeld in die rustige vissersdorp gaan uitspan. Vanjaar se toeriste het nog nie op St. Tropez begin toesak nie, maar by die Steiner-huis is alles al slaggereed.

"Ek en Ben het in Januarie in Kaapstad vakansie gehou en toe ons almal groet, het hulle gesê: 'Sien julle oor ses maande.' Skielik het ek besef ek het nog niks gedoen nie. Die werklikheid het toe eers begin insink."

Nou, 'n paar maande later, is Nicola se droomtroue besig om voor haar oë 'n werklikheid te word – en dit sonder 'n trou-beplanner se hulp. "Ons is nou in die laaste pylvak en ek moet nog net die sitplekplan klaarmaak. Dit hou my tot snags besig, want ek is so bekommerd daaroor," bieg sy.

Op die agtergrond is die lae gedruis van 'n kettingsaag hoorbaar. "Jammer oor die geraas, hulle saag bome af om vir die kristaltent in die tuin plek te maak," verduidelik Nicola. Die tent is darem nie regtig van kristal gemaak nie, maar 'n spesiale soort plastiek.

"Maar dit sal deursigtig wees," verduidelik sy. "As dit reën, sal ons die kante toemaak. Maar hopelik reën dit nie. Ek gaan my nie oor die weer bekommer nie; ek kan dit nie beheer nie. Ons sal darem nie nat word nie."

DIE twee verwag 450 gaste uit amper elke uithoek van die aarde – Amerika, Suid-Afrika, Switserland, Frankryk, Duitsland, Denemarke, Swede, Oostenryk, Holland, Italië, Israel, Turkye, Rusland, Thailand en Brasilië.

"Dis moeilik om sitplek vir amper vyfhonderd gaste te koördineer sonder dat daar op iemand se tone getrap word. Ek het 'n groot stuk karton gekoop en tafels daarop geteken, en ons het plakkers wat die verskillende gaste voorstel. Ons probeer almal in ag neem, maar jy ken groot families – daar is altyd politiek," gesels Nicola.

Die meeste van die gaste is van Ben se mense, daarom het sy dit aan hom oorgelaat om die sitplekke te finaliseer.

"Wat die troue betref, is ek nie senuagtig nie," lag Ben. "Maar wat die beplanning betref, is ek wel. Dis die grootste dag van my lewe en ek hoop net alles verloop volgens plan. Ek hoop die kos is lekker, die platejoggie is goed en dat ons niemand vergeet nie."

Die twee wou eers duisend gaste nooi, maar het gou besef dit sou te onpersoonlik raak, veral omdat hulle 'n intieme troue in gedagte het. "Regtig, 450 is vir ons klein," sê die toekomstige bruid met die rooierige hare.

Suid-Afrikaners sal maar yl gesaai wees onder die gaste. "Dis net 'n handjievol familie en vriende, al woon baie van ons familie nou in Europa." Haar vriendinne en mede-Suid-Afrikaanse modelle Minki Visser en Michelle McLean is van die gaste wat ongelukkig nie daar sal wees nie.

"Ek verstaan volkome," sê Nicola. "Ek weet dis baie ver en duur vir Suid-Afrikaners om hierheen te reis."

Haar pa, Richard Breytenbach, en strooimeisie, Tanya Lazarus, sal wel saam met sowat twintig ooms, tantes, neefs, niggies en vriende vanaf Suid-Afrika daarheen vlieg.

SOOS die meeste bruide het Nicola die afgelope ses maande aandagtig deur elke glanstydskrif oor troues geblaai wat sy in die hande kon kry. Maar in Frankryk aangekom, het sy besef sy het haar troue-plakboek in hul dakwoonstel in Manhattan vergeet. "Ek was vies vir myself. Ek het toe al die volmaakte koek gekies, maar die foto daarvan was natuurlik in New York. Toe soek ek op die ou end sewe uur lank foto's van troukoeke op die internet sodat ek vir die sjef kan wys presies wat ek wil hê. Nodeloos om te sê, ek kon dit nie opspoor nie. Ek het toe maar 'n klomp verskillende ontwerpe bymekaargemaak en dit gemeng en -pas vir die voorkoms wat ek wil hê."

Die fynproewer Ben is in beheer van die spyskaart en Nicola behartig die dekor. Gelukkig kon sy staatmaak op die hulp van haar vriend Alan Rohwer, wat al die modehuis Versace se geleenthede reël. Alan het haar ook van die vrou vertel wat die trou-uitnodigings vir hulle met die hand gemaak het. Dis van dik papier wat soos luislangvel lyk en voel.

"Dis my manier om vir 'n tikkie Afrika by die troue te sorg," sê Nicola.

Die uitnodiging, wat by die paar se tema van alles wit pas, lyk soos 'n klein blaaiboekie. Binne-in is die uitnodigings na die troue en die Shabbat-strandbraai die Vrydagaand – Ben se familie is Joods – en parkeeraanwysings. Dit word alles met 'n groot, wit satynlint saamgebind.

Nicola is in 'n Afrikaanse, Christelike gesin gebore, maar het verlede jaar Judaïsme as geloof aanvaar. Die proses het amper 'n jaar lank geduur en sy het drie tot vier keer per week drie uur lange klasse bygewoon.

"Dis was so intens," vertel sy. "Maar ek het 'n wonderlike onderwyser gehad wat my regtig geïnspireer het en individuele klasse het baie gehelp. Ek kan nie Hebreeus goed lees en skryf nie, maar ek ken al die belangrike gebede en weet wat dit beteken."

Wetlik is hulle klaar getroud. "Ons het 'n klein hofplegtigheid in New York gehad om dit wettig te maak, maar die groot viering is in St. Tropez."

Hulle sal onder 'n chuppa – 'n vierkantige afdak wat tradisioneel op Joodse troues gebruik word – voor 'n rabbi trou.

"Dit was vir my 'n groot stap om my tot Judaïsme te bekeer," erken Nicola. "Maar my familie was baie ondersteunend. Ek het vir my ouers die boek This Is My God deur Herman Wouk gestuur. Dit verduidelik al die feeste en waaroor die godsdiens gaan. Hulle vaar uitstekend. Ek het SMS'e van hulle op die Joode Paasfees gekry."

EEN ding waaroor sy kan ontspan, is die rok – 'n Versace-skepping. "Die rok was die maklikste deel van die troue. Dit was nie vir my nodig om twintig rokke aan te pas of na twintig winkels te gaan nie. Ek het net een rok aangepas en dit was die einde van die saak."

Sy wil nie sê hoeveel dit kos nie en voeg by sy het afslag gekry omdat sy met Donatella Versace bevriend is. "Toe Donatella hoor ek trou, het sy vir my 'n rok aangebied en jy sê nie nee vir Versace nie," lag Nicola.

Volgens die tradisie mag die bruidegom nie die trourok voor die plegtigheid sien nie. Daarom wil Nicola die rok in haar strooimeisie se kas hang. Maar eers moet dit nog in St. Tropez aankom en Versace dring aan dit moet in 'n klimaatbeheerde vragmotor vervoer word.

"Dit kan nie gevou word nie," verduidelik Nicola. "Dis hul idee, nie myne nie."

Sy het in Februarie duisende kilometers na Versace se hoofkantoor in Milaan, Italië, gevlieg om die rok te kies.

"Hulle het vir my vier groot boeke met rokke gewys, maar dit was te tipies trourok vir wat ek in gedagte het. Omdat ons 'n tuintroue het, wou ek nie iets te groot of pofferigs hê nie," verduidelik Nicola.

Sy het een keer deur die couture-katalogus geblaai en vinnig gekry wat sy soek.

'n Maand later is sy saam met haar ma, Rina Rautenbach, wat in Oostenryk woon, terug Milaan toe vir die eerste aanpassessie.

"Ek het verwag om 'n klaargemaakte rok te sien, maar daar was net 'n korset en sluier," vertel Nicola. "Toe ek die sluier opsit, het dit my getref ek gaan binnekort 'n bruid wees. Ek het na my ma gekyk wat emosioneel begin raak het, en gesê: 'Mammie, moenie huil nie.' Maar natuurlik het die trane begin vloei en toe begin ek ook huil."

Sal sy op die groot dag huil? "O, waarskynlik. Ek en Ben is nege jaar lank aan en af saam. Ons kan nie wag om saam oud te word nie. Hierdie troue het baie werk geverg, maar dis my groot droom wat bewaarheid word."□

Deur Jared Orl

HOOFFOTO: Die Suid-Afrikaans-gebore model Nicola Breytenbach het Joods geword om met die Amerikaanse sakeman Ben Steiner te trou. LINKS BO: So het Huisgenoot verlede jaar oor Nicola en Ben berig.

CORBIS/GREAT STOCK

AFRIKA-PRINSES IN ST. TROPEZ

LINKS en BO: Die uitnodiging. HEEL LINKS en HEEL BO: Die kusdorp St. Tropez is waar die spogtroue plaasvind.

REGS (van links): Nicola bekyk foto's van trourokke by die Versace-hoofkantoor in Italië; 'n Versace-naaldwerker kyk toe tydens die eerste aanpassessie; en Nicola sit vir die eerste keer die sluier op.